Louw Wepener

Dapper soldate het gewoonlik respek onder hul eie mense, maar sommige soldate is so dapper dat selfs hul vyande ook respek vir hulle het. **Louw Wepener** was só ’n man – die Basotho teen wie hy in verskillende oorloë geveg het, het groot respek vir hom gehad.

Die jong Louw Wepener

Louw Wepener se volle name was Lourens Jacobus Wepener. Hy was sy ouers se vierde kind, en hy is op 21 Julie 1812 in Graaff-Reinet gebore. Sy ouers was Frederik Jacobus en Johanna Maria Wepener. [1] Sy ouers is albei oorlede terwyl hy nog ’n jong seun was, en hy het by sy oom, Lourens Erasmus, grootgeword.

Hy was ’n slim skolier. Sy onderwyser William Robertson en ook ds. Andrew Murray (’n bekende predikant in hierdie tyd) wou graag hê dat hy ’n predikant moes word, maar sy oom wou nie hê dat hy na Skotland gaan vir sy studies nie.

Andrew Murray

Hy het toe ’n **timmerman** geword en later in die Somersetdistrik begin boer. Hy het in 1850 na die Aliwaldistrik getrek en op die plaas De Nek geboer. Hierdie plaas was tussen Aliwal-Noord en Dordrecht in die Oos-Kaap. [2]

In 1840 trou hy met Hester Susanna Nel. Ongelukkig is sy net drie maande nadat hulle seun Frederik Daniel Jacobus in November 1840 gebore is, oorlede. In 1843 trou hy met Hilletjie Maria Levina Durand. Sy was ’n weduwee wat vier kinders gehad het. Wepener en Hilletje het drie seuns en drie dogters saam gehad. [1]

Louw Wepener kry die bynaam die

“Swartmaanhaar”

Die Basotho het vir Wepener die bynaam “Swartmaanhaar” gegee. Die **wrywing** oor grond tussen die Republiek van die Oranje-Vrystaat en Basotholand het uiteindelik oorlog veroorsaak. Wepener was toe ’n waarnemende kommandant en het self op **kommando** gegaan. Hy het gou die bevelvoerder van al die Boere se suidelike magte geword en het talle gevegte gewen. In hierdie tyd het die Basotho hom “Swartmaanhaar” begin noem as gevolg van sy groot, swart baard en omdat hy soos ’n leeumannetjie vroeg die oggend op sy prooi spring nog voordat die grysbok se lam aan haar drink. Hulle het hom as ’n baie dapper man beskou. [3]

Wepener neem deel aan oorloë

Wepener het nie soos sy broers saam met die Groot Trek uit die Kaapkolonie vertrek nie.

Hy het tussen 1834 en 1853 aan drie grensoorloë teen die Xhosas deelgeneem – die Sesde, Sewende en Agtste Grensoorlog. Hy was eers ’n veldkornet en het later kommandant geword. Hy was bekend as ’n dapper soldaat en goeie leier. Hy was ook in die gewone lewe ’n goeie leier en is deur die burgers tot **vrederegter** verkies. Omdat hy nie tevrede was met die optrede van die Britse regering nie, wou hy nie langer in die Kaapkolonie bly nie.

Toe die Eerste Basotho-oorlog in 1858 in die Vrystaat begin, het Wepener dadelik daarheen gegaan om in die oorlog te veg. Ná die oorlog het hy in die Republiek van die Oranje-Vrystaat gebly. Hier het hy in 1862 vir hom twee plase in die Bethulie-distrik gekoop met die name Constantia en Moordenaarspoort.

Sesde Grensoorlog

In die Tweede Basotho-oorlog in 1865 het Wepener kommandant geword. Hy het ’n slim plan gehad wat tydens hierdie oorlog baie goed gewerk het. Sy soldate het

met ’n kanon na die Basotho se **statte** (tradisionele Afrikadorp met hutte) geskiet en dan het die soldate te voet nadergestorm terwyl die kanon die Basotho se aandag aftrek. [2]

Sy heel laaste geveg

Al het die Boere ’n hele klomp gevegte teen die Basotho gewen, was hulle nog glad nie verslaan nie.

Koning Mosjesj het sy hoofstat bo-op die berg Thaba Bosigo gemaak. Dit was ’n baie goeie **vesting**. Bo-op die berg was ’n groot stuk grond waar daar ook ’n fontein was. Dit was dus moontlik dat baie mense en ook beeste daar bo kon bly. Reg rondom was baie steil en hoë kranse sodat dit baie moeilik was om op die berg te kom.

Mosjesj

Die Vrystaatse magte het hulle **laer** (‘n klompie waens wat teen mekaar getrek is) aan die voet van hierdie berg gemaak.

Dinge het skeef geloop met die planne om die Basotho op die berg aan te val. Die offisiere wat onder leiding van die hoofkommandant, generaal Fick, was, kon nie besluit wat om te doen nie. Toe hulle uiteindelik vir kommandant Wepener die opdrag gee om die berg aan te val, het te veel tyd verbygegaan. Die Boere was ook nie almal gewillig om aan die aanval deel te neem nie. [3]

Uiteindelik het Wepener en ’n klein groepie vrywilligers teen die berg opgeklim terwyl die Basotho van bo af op hulle geskiet het. Die Basotho het ook groot klippe van die berg af op die Boere afgerol. Wepener en die klein groep burgers saam met hom het naderhand net met hulle pistole teen ’n paar duisend Basotho geveg.

Louw Wepener-Monument

Wepener is teen die berg doodgeskiet toe hy en ’n paar Boere naby die **kruin** was. Dit was 15 Augustus 1865. [2] Wepener is op die kruin van die berg begrawe. Later het sy seun hom op sy plaas Constantia herbegrawe.

Sy seun was later Volksraadslid vir Wepener in die Vrystaatse volksraad. Hy was ook ’n landdros op Zeerust en op Heidelberg in die destydse Transvaal. [2]

Louw Wepener se nalatenskap

Louw Wepener word onder meer deur die volgende gedenkbare onthou:

- Die dorp Wepener is in 1867 gestig en na hom genoem.
- In die dorp Wepener is daar ’n skool met die naam Louw Wepener Gekombineerde Skool.
- ’n Bronsbeeld van Wepener is in 1965 op Wepener opgerig.
- Daar is strate met die naam Louw Wepener in onder meer Bloemfontein, Alberton, Sedgefield, Vanderbijlpark en die Nelson Mandelabaai-munisipaliteit.
- In Bethulie is ’n monument ter ere van Wepener – hierdie borsbeeld is deur die bekende beeldhouer Coert Steynberg.
- F.W. Reitz het ’n gedig geskryf met die titel “Ter nagedagtenis aan kommandant Louw Wepener”.
- In 1941 is daar ’n monument op sy graf naby Bethulie opgerig.
- Op sy plaas De Nek is daar ’n monument vir hom.
- ’n Bronsbeeld van Wepener is in 1965 op Wepener opgerig.

Louw Wepener is ook in die Weermag vereer:

1. Van 1952 tot 1975 is die Louw Wepener-toekenning vir buitengewone heldemoed aan soldate gegee.
2. Van 1967 tot 1975 is die Louw Wepener-medalje vir dapperheid by die redding van lewens toegeken.
3. Daar was vir ’n aantal jaar ’n weermageenheid wat die Louw Wepener-regiment genoem is. [2]

Woordbank

kommando	Klein groep soldate wat opgelei is om vinnig teen die vyand se soldate op te tree.
kruin	Die boonste rand van ’n berg.
laer	‘n Aantal waens wat teen mekaar getrek is in die veld om mense en diere teen ‘n vyand te beskerm.
statte	Tradisionele Afrikadorp wat bestaan uit hutte, dikwels volgens ’n bepaalde patroon gerangskik.
timmerman	Iemand wat met hout werk en onder meer meubels maak.
vesting	’n Woonplek wat versterk is om dit veilig te maak en waar die ondersteuners of onderdane van ’n leier woon.
vrederegter	’n Persoon met beperkte regterlike mag. Wanneer daar nie ’n landdros is nie, kan ’n vrederegter onder meer lasbriewe uitreik om iemand gevange te laat neem.
wrywing	Onenigheid; meningsverskille oor ’n saak kan byvoorbeeld wrywing tussen verskillende groepe veroorsaak. [5]

Lees en kyk na hierdie artikel om nog meer te leer oor Louw Wepener

- **Louw Wepener se biografie en foto’s van Wepener se borsbeeld in Bethulie**